# VRYWARINGSVORM

Hierdie vrywaringsvorm moet onderteken word deur elke persoon wat inskakel by ‘n toer wat *Van Dyk Toere* aanbied.

***Van Dyk Toere*** se personeel, toerleiers en agente (met wie die maatskappy saamwerk) tree by die organisering en aanbieding van enige toer slegs in ‘n leidende of adviserende hoedanigheid op. Dit behels alle akkomodasie, uitstappies, besigtigingstoere en vervoer van toerlede, hetsy per bus, trein, lugvaart, bootvaart, kabelritte of enige ander vorm van vervoer.

- *Van Dyk Toere* en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade, onkoste of ongerief deur kansellasie of vertragings in vertrek- of aankomstye van enige bogenoemde vervoermiddele nie.
- *Van Dyk Toere* en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir kansellasie van enige toer of gedeelte van ‘n toer as gevolg van natuurrampe of dade van terreur en die effek daarvan nie.
- *Van Dyk Toere* en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies of skade aan bagasie of enige item wat aan die toerlid behoort nie.
- *Van Dyk Toere* en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir beserings of ongevalle deur deelname aan enige van die toere nie.
- Die reisversekeringspolis wat die toerlid uitneem, is ‘n onafhanklike ooreenkoms tussen die toerlid en die versekeringsmaatskappy. *Van Dyk Toere* aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige dispuut tussen die twee partye nie.
- Dit is elke toerlid se persoonlike verantwoordelikheid om ‘n geldige paspoort en die nodige visums vir ‘n toer te bekom. *Van Dyk Toere* is nie verantwoordelik as ‘n spesifieke visum nie betyds uitgereik word voor die toer se vertrekdatum nie.
- Geen deposito’s wat gebruik word vir lug- en landreëlings is terugbetaalbaar deur *Van Dyk Toere* nie.
- *Van Dyk Toere* mag weens onvoorsiene omstandighede veranderings aan die toerprogram aanbring.

*Van Dyk Toere* en sy agente sal alles in hulle vermoë doen om enige van bogenoemde probleme te voorkom of die hoof te bied en is bereid om toerlede sover moontlik by te staan indien probleme ondervind word.

***Ek/Ons aanvaar bogenoemde voorwaardes:***

| ***Datum*** | ***Voorletters en van*** | ***Handtekening*** |
|---|---|---|
| ……./……/20…… | ……………………………………………………. | …………………………………………………. |
| ……./……/20…… | ……………………………………………………. | …………………………………………………. |
| ……./……/20…… | ……………………………………………………. | …………………………………………………. |
| ……./……/20…… | ……………………………………………………. | …………………………………………………. |

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995